

Vernuwende gebruik van die orrel in 'n estetiese musiekbediening van  
verskillende spiritualiteitstipes in die Afrikaanse gereformeerde kerke

Ockert Casper Vermeulen

'n Proefskrif voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir  
die graad

Doctor Musicae (Uitvoerende Kuns)

Departement Musiek  
Universiteit van Pretoria

Promotor: Prof W.D. Viljoen  
Mede-promotor: Prof J.C. Müller

Februarie 2012

## ABSTRACT

Music in the Afrikaans reformed churches has reached a cross-road. This is evident in the many articles written on the subject, workshops held on the issue and outcries for help from several organists in various congregations. Scholars all agree that research on the topic of responsible renewal in church music is necessary.

Furthermore, it seems the organ is systematically being dismissed as a church instrument, especially in evening worship services. It seems the organ is (unjustly) thought of as an old fashioned instrument capable of playing only classical music and thus not able to cater for the musical needs of today's postmodern churchgoer.

This study aims to provide recommendations for the renewed usage of the organ in an aesthetic music environment that will assist churchgoers of various spirituality types to worship with conviction.

This study is based on thorough research on three specific concepts:

1. **Aesthetics:** In order to use aesthetics as a valuable tool for music renewal, it must first be established that it is indeed a Biblical concept. Study into the concept of aesthetics in the Bible is undertaken.
2. **Spirituality:** Every person differs in his perception of worship and this is mainly determined by his spirituality type. The different musical preferences according to these spirituality types are investigated.
3. **The organ:** The organ has established itself as a versatile church instrument since the Middle Ages. It has adapted to the changing musical styles through the ages. It is reasoned that the church organ can still provide in the musical needs of all churchgoers today. This does not mean that the organ is elevated as the exclusive church instrument, but it is argued that the organ can successfully be used in conjunction with other instruments in worship today.

After these three concepts are investigated, practical guidance is given in the usage of the organ in combination with other instruments according to the aesthetical requirements of the different spirituality types in today's Afrikaans reformed worship service.



## KEYWORDS

- aesthetics
- worship
- spirituality
- mind spirituality
- soul spirituality
- mystic spirituality
- activist spirituality
- church music
- organ
- reformed churches
- information theory

## SLEUTELWOORDE

- estetika
- aanbidding
- spiritualiteit
- kopspiritualiteit
- hartspiritualiteit
- mistiekspiritualiteit
- handspiritualiteit
- kerkmusiek
- orrel
- gereformeerde kerke
- inligtingsteorie

Hierdie proefskrif word opgedra aan my ouers, Okkie en Anita, vir lewenslange ondersteuning en aanmoediging.

## INHOUDSOPGAWE

<b>VOORWOORD</b>	<b>XII</b>
<b>HOOFSTUK 1: INLEIDING</b>	<b>1</b>
1.    Agtergrond tot die studie	1
2.    Probleemstelling	3
3.    Navorsingsvrae	4
4.    Doel van die studie	5
5.    Navorsingsmetodes	5
5.1    Konsep 1: Estetika	5
5.2    Konsep 2: Spiritualiteit	6
5.3    Konsep 3: Die orrel	6
6.    Omvang van die studie	7
<b>DEEL I: TEOLOGIESE PERSPEKTIEF</b>	
<b>HOOFSTUK 2: BYBELSE SKOONHEID</b>	<b>8</b>
1.    Definisie	8
2.    Historiese oorsig	9
2.1    Die voor-Konstantynse periode	10
2.2    Die Konstantynse periode	10
2.3    Die Bisantynse periode	11

2.4	Belangrike denke na die Bisantynse periode	12
3.	Skoonheid in die Ou Testament	14
3.1	Şēbî (skoonheid of eer)	14
3.2	Pā'ar (om te verheerlik, om te bekroon, om mooi te maak)	14
3.3	Hāmad (om te begeer, om vreugde te vind in)	15
3.4	Yāpâ (om mooi/aantreklik te wees)	15
3.5	Nā'â (om gepas te wees)	15
3.6	Nā'ēm (om aangenaam te wees)	15
3.7	Hādar (om te vereer/verheerlik)	16
4.	Skoonheid in die Nuwe Testament	18
5.	Die mense se soeke na skoonheid	22
6.	Afsluiting	22
<b>HOOFSTUK 3: GOD AS KUNSTENAAR EN DIE <i>IMAGO DEI</i></b>		<b>24</b>
1.	Die skepping	24
2.	Herskepping	28
3.	<i>Imago Dei</i>	31
4.	Die kerkmusikant en <i>imago Dei</i>	33
<b>HOOFSTUK 4: HISTORIESE OORSIG: KERK EN ESTETIKA</b>		<b>36</b>
1.	Musiek in die Ou Testament	36
2.	Musiek in die Nuwe Testament en vroeë kerk	40



2.1	Sinagoge-styl	41
2.2	Charismatiese styl	41
2.3	Apokaliptiese styl	42
3.	Die Middeleeue	46
4.	Die Reformasie	50
4.1	Hyldrich Zwingli (1484-1531)	50
4.2	Martin Luther (1483-1546)	51
4.3	Johannes Calvyn (1509-1564)	51
5.	Die sewentiende tot negentiende eeu	52
6.	Die twintigste eeu	57
7.	Afsluiting	61
<b>HOOFSTUK 5: ESTETIESE DENKE IN DIE GEREFORMEERDE EREDIENS</b>		<b>63</b>
1.	Konsensus oor die nut van estetika in die erediens	63
2.	Omskrywings van estetika	64
2.1	Hermeneutiese estetika	65
2.2	Ekologiese estetika	65
2.3	Resepsie-estetika	65
2.4	Liturgiese estetika	66
3.	Eienskappe van estetika	66
3.1	Estetika is eiesoortig	67
3.2	Estetika moet in 'n groter geheel verstaan word	67
3.3	Estetika beskik oor 'n mate van subjektiwiteit	67

3.4	Die gemeenskap speel 'n rol	68
3.5	Liturgiese waarde	68
3.6	Estetika kan vergelyk word met 'n dans	69
4.	Estetika in die erediens	69
5.	Die belangrikheid van estetika in die erediens	71
5.1	Onontkombaarheid	71
5.2	Liggaamlikheid	71
5.3	Beeldekultuur	72
5.4	Neuro-kognitiewe integrasie	72
5.5	Bybel as beeldeboek	72
6.	Gevaartekens	73
6.1	Dualistiese denke	73
6.2	Kultuur-protestantisme	73
6.3	Pragmatisme	73
6.4	Verabsoluttering van skoonheid	73
6.5	Verhouding tussen kuns en godsdiens	74
6.6	Verheerliking van die kunstenaar	75
6.7	Aktualiteit	76
7.	Vereistes	76
7.1	Gepastheid	76
7.2	Eenvoud, nugterheid, matigheid en verstaanbaarheid	77
7.3	Genuanseerdheid, subtiliteit, speelsheid	77
7.4	Eerlikheid	78



8.	Opsommend	78
9.	Afsluiting	79

## **DEEL II: MUSIKALE PERSPEKTIEF**

<b>HOOFSTUK 6: AFRIKAANSE GEREFORMEERDE KERKMUSIEK</b>	<b>81</b>	
1.	Gereformeerde kerkmusiek	81
2.	Historiese perspektief	82
2.1	Geloofsoortuiging	82
2.2	Kerkliedbundels	83
3.	Kerkmusiek by 'n kruispad	85
4.	Enkele gevaartekens	88
4.1	Alles ter wille van getalle	88
4.2	Emosie as bepalende faktor	89
4.3	Vermaak	90
5.	“Goeie” gereformeerde kerkmusiek	90
5.1	Dit gaan oor God	91
5.2	Inhoud van die kerklied	91
5.3	Inhoud en melodie	91
5.4	Gees en verstand	92
5.5	Spiritualiteit	92
5.6	Gehalte	92
5.7	Musiekstyl	94



5.8	Eenheid	94
5.9	Assosiasie	94
5.10	Kultuur	95
5.11	Aktiewe samewerking	95
6.	'n Paar voorstelle	95
7.	Die toekoms	96
<b>HOOFSTUK 7: SPIRITUALITEIT EN MUSIEK</b>		<b>98</b>
1.	Teoretiese konsepte	98
1.1	Spiritualiteit	98
1.1.1	Kopspiritualiteit	100
1.1.2	Hartspiritualiteit	100
1.1.3	Mistiekspiritualiteit	101
1.1.4	Handspiritualiteit	101
1.2	Eredienstipes	102
1.2.1	Klassieke erediens	102
1.2.2	Kontemporêre erediens	102
1.2.3	Meditatiewe erediens	103
1.2.4	<i>Blended</i> erediens	104
1.3	Die gebruik van inligtingsteorie as evalueringsmiddel	105
1.3.1	Musiek as inligting	105
1.3.2	Entropie	105
1.3.3	Oorbodigheid (“Redundancy”)	106

1.3.4	Kerkmusiek en oorbodigheid	106
1.4	Inligtingsteorie, estetika en spiritualiteit	107
1.4.1	Die werk van Jürgen Schmidhuber	109
1.4.2	Bondige beskrywingslengte	110
2.	Praktiese toepassing	110
2.1	Klassieke erediens	111
2.2	Kontemporêre erediens	111
2.3	Meditatiewe erediens	112
2.4	<i>Blended</i> erediens	112
3.	Aflsuiting	112
<b>HOOFSTUK 8: DIE ORREL IN DIE EREDIENS</b>		<b>115</b>
1.	Die orrel as liturgiese instrument	115
1.1	Die kerkorrel in die Middeleeue	116
1.2	Die orrel vanaf die Reformasie tot agtiende eeu	117
1.2.1	Engeland	117
1.2.2	Nederland	118
1.2.3	Frankryk	119
1.2.4	Duitsland	120
1.2.5	Italië	121
1.3	Die orrel in die negentiende en twintigste eeu	122
2.	Onbruik	123
2.1	Die Reformasie	123

2.2	Engeland 1640	123
2.3	Frankryk ca. 1789	124
3.	Samevatting	124
4.	Situasie in Suid-Afrika vandag	125
4.1	Afname in populariteit	126
4.1.1	Afname in klavierstudente	126
4.1.2	'n Koste-implikasie	126
4.1.3	Onwilligheid van orreliste	127
4.1.4	'n Tekort aan gekwalifiseerde orreliste	127
4.1.5	Swak instrumente in swak akoestiese ruimtes	127
4.1.6	Geestesvervlakking in die samelewing	127
4.1.7	'n Bose kringloop	128
4.2	Pro-aktiewe optrede	128
4.2.1	Opleiding van kerkmusikante	128
4.2.2	Die aanstelling van voltydse kerkmusici	128
4.2.3	Navorsing in kerkmusiek	128
4.2.4	Opleiding en bemagtiging van die kerkmusikant	128
4.2.5	Hernude belangstelling	129
4.2.6	Onderhoud en opgradering van instrumente	129
4.2.7	'n Gesindheidsverandering	129
5.	Afsluiting	129

<b>HOOFSTUK 9: DIE ORREL EN GEMEENTESANG</b>	<b>130</b>
1. Kopspiritualiteit	132
1.1 Die standaard	132
1.2 Die probleem	133
1.2.1 Inleidings	133
1.2.2 Naspele	135
1.2.3 'n Verskeidenheid verse	135
1.2.4 Instrumente	136
1.3 Oorbodigheid	145
2. Hartspiritualiteit	145
2.1 Die standaard	145
2.2 Die probleem	146
2.2.1 Akkoorde	146
2.2.2 Melodie	147
2.2.3 Instrumente	147
2.3 Oorbodigheid	154
3. Mistiekspiritualiteit	154
3.1 Die standaard	154
3.2 Die probleem	155
3.3 Oorbodigheid	155
4. Handspiritualiteit	155



<b>HOOFSTUK 10: MUSIKALE INKLEDING VAN DRIE TIPES EREDIENSTE</b>	<b>156</b>
1. Klassieke erediens	156
1.1 Die liturgie	156
1.2 Instrumente	157
1.3 Voorspel tot die erediens	157
1.4 Voorsang	158
1.5 Toetrede	158
1.6 Lof	161
1.7 Dankoffer	163
1.8 Gebed	170
1.9 Geloofsbelydenis	171
1.10 Slotlied	172
1.11 Uitspreek van die seën	173
1.12 Naspel	173
2. Kontemporêre erediens	181
2.1 Die voorspel	182
2.2 Die liedere	182
2.3 Kollekte	184
2.4 Naspel	192
2.5 Algemeen	192
3. Meditatiewe erediens	204
3.1 Die liturgie	204
3.2 Voorspel en liturgiese musiek	206



3.3	Die liedere	209
4.	Opsomming	209
<b>HOOFSTUK 11: SLOT</b>		<b>211</b>
1.	Estetika	211
2.	Spiritualiteit	212
3.	Die orrel	213
4.	Ter afsluiting	214
5.	Voorstelle vir verdere studie	214
<b>DISKOGRAFIE</b>		<b>215</b>
<b>BIBLIOGRAFIE</b>		<b>216</b>

## VOORWOORD

By die lees van hierdie proefskrif, ter wille van volledigheid en duidelikheid, is dit nodig dat enkele begrippe omskryf en verduidelik word.

### **FLAM**

FLAM vorm deel uit van die Algemene Sinode se diensgroep vir gemeente ontwikkeling (ADGO) se projekspan vir musiek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Hierdie werkgroep is verantwoordelik om kerkliedere in 'n kontemporêre musiekstyl te skep en te versamel as uitbreiding op die liedere in die *Liedboek van die Kerk*. Elke lied wat deur die werkgroep goedgekeur word, word voorsien van 'n unieke F-nommer (F001 se titel is byvoorbeeld “Die hemel juig”) en kan op hulle webwerf ([www.flam.co.za](http://www.flam.co.za)) afgelaai word. FLAM is nie 'n akroniem nie en verwys bloot na Jeremia 20:9 se beeld van die vuur wat sal brand as die mens oor die goedheid van die Here sou swyg.

### **Kontemporêre musiek**

Tensy anders vermeld, verwys hierdie term nie na Westerse kontemporêre kunsmusiek nie, maar na populêre “ligte musiek” wat onder andere, *pop*- en *rock*musiek insluit.

### **Liedboek van die Kerk**

Die *Liedboek van die Kerk* is sedert 2001 die amptelike sangbundel van die Nederduits Gereformeerde Kerk sowel as die Nederduitsch Hervormde Kerk. Dit bestaan uit die 150 Psalms en 452 ander liedere – in totaal dus 602 liedere. Die Gereformeerde Kerk gebruik die 150 Psalms en 'n geselekteerde aantal liedere uit die oorblywende 452 liedere. Op 'n onlangse sinode van die Gereformeerde Kerk (2011) is die gebruik van addisionele liedere uit die *Liedboek van die Kerk* ook bespreek. Die sogenaamde Drie Susterskerke van die Afrikaanse gereformeerde tradisie maak dus van hierdie bundel gebruik.

### **Skoonheid**



Hierdie begrip moet gelees word as die Afrikaanse ekwivalent/vertaling van “beauty”.

## **Spiritualiteit**

Die gebruik van die begrip in hierdie proefskrif sluit aan by die verklaring van Jonker (1989:188) wat dit gebruik om te verwys na die mens se geestelike lewe en sy verhouding tot God: “Die moderne begrip *spiritualiteit* verwys na vroomheid in hierdie sin, dus na die *beleweniskant of ervaringskant van die religie* ... Ons sou dit kan weergee met geloofsbelewing, geloofservaring, geloofsbeoefening en geloofspraktyk.”

Ware (1995:37-43) identifiseer vier tipes spiritualiteite en daar word hoofsaaklik in Hoofstuk 7 aandag daaraan gewy. Verwysings na hierdie begrip kom wel vroeër as dit voor.

## **Taizé**

Die ekumeniese gemeenskap in Saône-et-Loire in Frankryk bestaan uit nagenoeg 100 broeders wat afkomstig is uit die Protestantse, Ortodokse en Katolieke tradisies. Christene wêreldwyd onderneem pelgrimstogte daarheen om saam met hierdie broeders te aanbid en spirituele verdieping te beleef. Hulle beskik oor ’n unieke aanbiddingstyl waarin die sogenaamde *Taizé*-liedere gesing word. Hierdie liedere is in ’n veelvoud van tale vertaal en bestaan uit eenvoudige frases wat telkens herhaal word. Die musiek was hoofsaaklik deur Jacques Berthier gekomponeer en later speel Joseph Gelineau ook ’n belangrike rol op hierdie gebied.

## **VONKK**

VONKK (Voortgesette ontwikkeling van nuwe klassieke kerkmusiek) vorm deel uit van die Algemene Sinode se diensgroep vir gemeente ontwikkeling (ADGO) se projekspan vir musiek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Hierdie werkgroep is verantwoordelik om kerkliedere in ’n klassieke musiekstyl te skep en te versamel as uitbreiding op die liedere in die *Liedboek van die Kerk*. Elke lied wat deur die werkgroep goedgekeur word, word voorsien van ’n unieke VONKK nommer (VONKK 0001 se titel is byvoorbeeld “Wees my genadig, luister hoe smee ek”) en kan op hulle webwerf ([www.vonkk.co.za](http://www.vonkk.co.za)) afgelaai word.

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die navorsingsvoorstel, as basis van die proefskrif, opgesom. Aandag word geskenk aan die probleemstelling, navorsingsvrae, doel van die studie, navorsingsmetodes en omvang van die studie.

#### 1. Agtergrond tot die studie

Kruger (2007:18) wys daarop dat gesprekke oor erediensvernuwing alreeds in die 1950's in die Nederduits Gereformeerde Kerk plaasgevind het. Tog is dit duidelik dat daar 'n groot aantal kerkgangers is wat steeds gefrustreerd is met die stand van sake, soos onder andere dié van musiek, in die erediens.

Op 'n blog oor die erediens in Afrikaanse kerke, skryf 'n deelnemer:

Ek sit nou Sondag so en kyk na die oeroue styl van ons eredienste in die NG Kerk ... die kansel, die toga, die formaat van die diens, die erg antieke melodieë, die getrek as daar gesing word, die styl van preek ...

Jis, meer moderne tegnieke van kommunikasie vra iets totaal anders as een mal ou met 'n *batman suit* aan wat *warra warra* vir 30-60 minute ... dit werk nie meer nie ...

Wat van 'n totale *shake-up* van die inhoud, plek en formaat van eredienste? ("Kriskras" 2006)

Ek beklee vanaf dertienjarige ouderdom die posisie van orrelis in een van die Afrikaanse Protestantse kerke van Suid-Afrika. Ek was ook vir twee jaar voltydse orrelis van *The Presbyterian Church of America* in Denton, Texas en is hierdeur blootgestel aan kerkmusiek buite ons land se grense. Vanweë my musiekagtergrond en Christelike opvoeding het ek 'n groot belangstelling in kerkmusiek.

Musiek in die erediens behoort 'n integrale plek in die liturgie te beklee om sodoende 'n ontmoeting met God en medegelowiges aan te help en te versterk. In die erediens vorm musiek en samesang nie alleen die basis van kommunikasie tussen gelowige en medegelowige, gelowige en God nie, maar dit dien ook as 'n platform vir gelowige lofverklarings (Müller 1990:36).

Müller (1990:36) verwys verder na musiek in die erediens as 'n onderafdeling van *religieuse kuns*. Dit is egter 'n netelige kwessie:

... 'n bietjie nadenke oor die saak [maak] dit reeds duidelik dat jy hier in uiters subjektiewe vaarwaters beland. Dit het alles te doen met assosiasies, konnotasies en subjektiewe ervarings.

En verder (1990:40):

Die keuse van gepaste musiek en sang vir die erediens is dus 'n uiters sensitiewe saak. Wat alles nog meer kompleks maak, is die feit dat styl nie altyd iets staties is nie, maar dinamies-ontwikkeld.

Dit is vir my baie duidelik dat kerkmusiek in Suid-Afrika by die spreekwoordelike kruispad aangekom het. Dit blyk uit gemeentes, predikante en musiekleiers se soeke na leiding om deur die musiek 'n geestelike hawe vir die hedendaagse lidmaat in die erediens te skep. Musiek is dikwels ook 'n onderwerp wat tot potensiële onmin en tweespalt in gemeentes kan lei. Van der Merwe (2007:7) is van mening:

Die spanning is daar in meeste gemeentes: sommige wil die eredienste lewendiger, meer relevant, meer dramaties, meer informeel, meer spontaan, lekkerder hê; ander wil dit stiller, meer gewyd, meer ordelik, meer "tradisioneel" hê.

Die eenvoudigste en algemeenste oplossing waarmee gemeentes vorendag kom, is dié van 'n "mengelslaai"-aanslag (Van der Merwe 2007:7): 'n ietsie van alles om almal tevrede te stel.

Daarbenewens wil dit voorkom asof die orrel se rol in die erediens toenemend landswyd gereduseer en uitgefaseer word. Hoewel daar egter verskeie nie-

kerklike redes hiervoor is, wat in die proefskrif aangeraak sal word, bly dit tog 'n kommerwekkende saak vir die opgeleide kerkmusikus, orrelis en orrelliefhebber.

Dit wil voorkom asof die oorgrote meerderheid kerke in die Afrikaanse gereformeerde tradisie die orrel as “outyds” beskou en dit toenemend vervang met 'n orkes of sogenaamde *band*, veral tydens aanddienste. Klaarblyklik is die redenasie daaragter dat die orrel nie meer tot die gemiddelde erediensganger spreek nie. Ek vermoed die persepsie bestaan dat die orrel slegs binne 'n bepaalde musiekstyl effektief aangewend kan word en hierdie styl word uiteindelik gebrandmerk as ouderwets en irrelevant vir die hedendaagse kerkganger se smaak.

Ek glo dit het weer tyd geword om die orrel met sy menigvuldige moontlikhede binne 'n gepaste estetiese milieu te bespreek en te bevestig. Dit is ook noodsaaklik om te besin oor vernuwende gebruik van hierdie instrument in die erediens. Dit impliseer egter nie dat die orrel die enigste instrument is wat met vrag in die erediens aangewend kan en behoort te word nie. Die ondeurdagte uitfasering van hierdie veelsydige instrument in die erediens is egter nie geoorloof nie.

Teoloë (sien bv. Van der Merwe 2007:10 en Endres 2009) is dit eens dat die erediens 'n ontmoeting met die lewende God is en dat alle liturgiese handeling van uitnemende kwaliteit behoort te wees. Navorsing, bespreking en ontleding van die onderwerp oor *betekenisvolle* en *uitnemende* kerkmusiek, binne spesifieke konteks en met verwysing na die orrel, is dus van deurslaggewende belang.

## **2. Probleemstelling**

Viljoen (1997:30) is van mening dat die polemieë rondom kerkmusiek 'n sensitiewe liturgiese kwessie binne die gereformeerde kerke is. Soos wat “Kriskras” hierbo verwoord, soek die erediensganger meer relevansie in die erediens en 'n groter gevoelsdeelname. Kerkmusiek word dikwels as 'n middel tot die vervulling van al hierdie behoeftes gesien.

Die netelige kwessie rondom erediensvernuwing - soos toegepas op kerkmusiek en met spesifieke verwysing na die orrel - word in hierdie studie ondersoek. 'n Tref-en-trap-aanslag, 'n roekelose geëksperimenteer met inhoud, styl en nuutste modegiere sou onverantwoordelik wees:

... watter uitgangspunt(e) ook al gevolg word, die huidige stand van die kerkmusiek vereis nuwe denke. Dit behoort gegrond te wees op sorgvuldige studie, oorweging en besinning (Kruger 2007:7).

### 3. Navorsingsvrae

Na aanleiding van die bespreking hierbo, kan die volgende hoofnavorsingsvraag geformuleer word:

Op watter wyse kan die orrel vernuwend gebruik word in 'n estetiese musiekbediening van verskillende spiritualiteitstipes in die Afrikaanse gereformeerde kerke?

Om hierdie vraag effektief te beantwoord, moet die volgende subvrae eers beantwoord word:

- Wat is die Bybelse/teologiese agtergrond en betekenis van begrippe soos “estetika” en “skoonheid” en wat leer dit ons oor die erediens? (Hoofstuk 2)
- Watter invloed het *imago Dei* op menslike kreatiwiteit en wat kan die liturgiese kunstenaar hieroor leer by die Goddelike Kunstenaar? (Hoofstuk 3)
- Wat leer ons oor die verhouding tussen estetika en musiek in die kerkgeskiedenis en wat is die huidige standpunte oor estetika in die gereformeerde erediens? (Hoofstukke 4 en 5)
- Wat kan ons uit die geskiedenis leer oor die orrel as kerkinstrument en wat is die huidige stand van kerkmusiek in die gereformeerde erediens? (Hoofstukke 6 en 7)
- Wat is spiritualiteit en hoe beïnvloed die kerkganger se spiritualiteit sy/haar estetiese ervaring van die erediens? (Hoofstuk 8)

- Hoe kan die orrel estetiees aangewend word om tot alle spiritualiteite te spreek? (Hoofstuk 9 en 10)

#### **4. Doel van die studie**

Hierdie studie ondersoek die wyse waarop die orrel vernuwend gebruik kan word in 'n estetiese musiekbediening wat tot verskillende spiritualiteitstipes spreek. Estetika en spiritualiteit word in hierdie studie as uitgangspunte gebruik om maatstawwe te stel vir verantwoordbare erediensvernuwing soos van toepassing op kerkmusiek. Die doel is dus om die terme “estetika” en “spiritualiteitstipes” te ondersoek en gevolglik te beskryf hoe die gebruik van die orrel kan bydra tot die estetiese karakter van 'n musiekbediening in die Afrikaanse gereformeerde kerke.

#### **5. Navorsingsmetodes**

Hierdie studie bestaan uit drie sleutelkonsepte wat in die milieu van die gereformeerde erediens ondersoek gaan word. Hierdie drie konsepte sal aanvanklik afsonderlik bestudeer word en daarna geïntegreer word om uiteindelik die rol van die orrel in 'n estetiese musiekbediening te ondersoek.

##### **5.1 Konsep 1: Estetika**

Die bekende filosoof, Santayana (1905:284) is van mening dat: “those who cannot remember the past are condemned to repeat it.” Stapert (2007:8) is ook daarvan oortuig en sê dat waardevolle lesse uit die geskiedenis geleer kan word. Daarom behoort die vroeë kerk se standpunte oor estetika, spiritualiteit en die rol wat musiek (en die orrel) daarin gespeel het meer in diepte ondersoek te word. Dit kan help om ingeligte besluite te neem oor aanbidding in die kerk van vandag. Strydom (1994:232-233) dui daarop dat ons waardevolle lesse uit die verlede kan leer:

Daar is dié uitgangspunte uit die verlede wat met vrag gekontinueer kan word – selfs noodsaaklikerwys gekontinueer móét word... Tendense, beskouinge en praktyke uit die verlede én die hede sal onbevange en objektief geweeg en getoets moet word.

Na aanleiding hiervan sal 'n studie oor die konsepte van skoonheid en estetika in die Bybel nagevors word. Enige studie oor die kerk en/of kerkmusiek is waardeloos tensy dit gedoen word in die skadu van wat God in sy Woord aan ons openbaar. Daar sal ook gekyk word na estetika in die gereformeerde erediens vandag. Die historiese perspektief en die stand van sake vandag sal gebruik word om die rol van estetika in die musiekbediening van gereformeerde kerke van die toekoms te bespreek.

### 5.2 Konsep 2: Spiritualiteit

Die erediensganger se belewenis van die erediens word hoofsaaklik bepaal deur sy spiritualiteitstipe (Ware 1995:37). Dit beteken dat 'n "estetiese musiekbediening" in die erediens grootliks beïnvloed word deur spiritualiteitstipes. Verkenning van hierdie spiritualiteitstipes is dus van kritiese belang vir hierdie studie.

### 5.3 Konsep 3: Die orrel

Net soos in die geval van estetika (konsep 1), moet die geskiedenis van die orrel as kerkinstrument ondersoek word. Daarop volg die stand van orrelgebruik in die gereformeerde kerke vandag. Die historiese perspektief en huidige situasie sal dien as basis vir riglyne oor die toekomstige gebruik van die orrel in 'n estetiese musiekbediening.

Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat 'n kombinasie van navorsingstegnieke, soos bespreek in Mouton (2001:148-180), aangewend sal word:

- Tekstuele analise en hermeneutiek (bladsy 167): konsep 1. Hierdie navorsingstegniek vereis die in diepte analise en bestudering van verskillende tekste om só die betekenis daarvan te begryp. Hierdie tegniek sal veral op Bybeltekste toegepas word om meer insig oor konsep 1 te verkry.
- Historiese studie (bladsy 170): konsep 1 en konsep 3. Hierdie tegniek ondersoek die geskiedenis om sodoende die verlede te herkonstrueer of die chronologiese verloop van gebeure te bevestig.

- Literatuurstudie (bladsy 179): konsep 1, konsep 2 en konsep 3. Hierdie navorsingstegniek verskaf 'n oorsig oor vakkundige bydraes in die drie sleutelkonsepte deur die neigings en debatte daaroor te bespreek.

## 6. Omvang van die studie

Die fokus van hierdie studie val op gebruik van die orrel in 'n estetiese musiekbediening van verskillende spiritualiteitstipes in die Afrikaanse gereformeerde kerke en word as volg afgebaken:

- Estetika en spiritualiteit word ondersoek as uitgangspunte waarop argumente vir die vernuwende gebruik van die orrel gebaseer word. Die oorspronklike bydrae van hierdie studie is dus in wese die wyse waarop die orrel vernuwend in die gereformeerde erediens aangewend kan word, gebaseer op beginsels van estetika en spiritualiteit. Dit is nie die doel van hierdie studie om laasgenoemde twee konsepte te herdefinieer of uit te brei nie.
- Die studie is in wese gemoeid met musiek in die erediens. Estetiese aspekte in die erediens sal hoofsaaklik beperk word tot hierdie kunsvorm, alhoewel verwysing na die ander kunsvorme (wat prediking, visuele kuns en argitektuur insluit) noodwendig sal voorkom.
- Die studie het nie ten doel om die orrel as *eksklusiewe* kerkinstrument te verdedig nie, maar om die bydrae wat die orrel kan lewer as 'n kerkinstrument (alleen en in ensemble saam met ander instrumente) in 'n estetiese musiekbediening te bespreek.
- Die studie sal beperk word tot 'n bespreking van musiek in die Afrikaanse gereformeerde tradisie in Suid-Afrika. Die Rooms-Katolieke en anderstalige erediens val buite die bestek van hierdie studie.
- Hierdie studie fokus op die situasie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk vanweë my betrokkenheid by hierdie instelling. Die uitkoms van hierdie studie sal wel nuttig wees vir alle Afrikaanse gereformeerde kerke in Suid-Afrika wat ernstig op soek is na riglyne oor die vernuwende gebruik van die orrel in die erediens. Dit verklaar dus die meer inklusiewe titel van hierdie proefskrif.





# **DEEL I**

## **TEOLOGIESE PERSPEKTIEF**

## HOOFSTUK 2

### BYBELSE SKOONHEID

Verskeie skrywers (Farley 2001; Turner 2001; Stolzfus 2006; Van Erp 2004) is dit eens dat estetika en skoonheid vandag 'n toenemend belangrike rol in die Christelike geloof begin speel. In die laaste twee dekades van die twintigste eeu tree kunsbeleving en estetiese ervaring na vore as kritiese steutelbegrippe in die moderne teologiese studies (Stolzfus 2006:1). 'n Menigte teoloë bestudeer tans die belangrikheid van kunsvorme in teologie. Skoonheid en verbeelding maak dus deel uit van 'n gebalanseerde teologiese raamwerk (Van Erp 2004:42).

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n ondersoek na estetika en skoonheidkonsepte in die Bybel te loods om sodoende 'n beter begrip oor die Bybelse gebruik van hierdie konsepte te verkry.

#### 1. Definisie

Die konsep van *estetika* bestaan reeds eeue lank, maar die begrip word vir die eerste keer in die agtiende eeu deur Alexander Baumgarten gebruik. Hierdeur wou hy 'n nuwe wetenskap (wat onderskei word van die logiese en natuurwetenskappe) in die lewe roep en dié nuwe wetenskap (*Aesthetica*) sou op 'n gedissiplineerde wyse navorsing doen oor die mens se sintuiglike waarneming (Cilliers 2007:38).

Cilliers (2007:40) brei hierdie definisie uit om vier elemente te bevat:

- 'n *Sintuiglike* element: die mens se observasie van die werklikheid. Hierdie werklikheid kan as "harmonieus" beskryf word, 'n verwysing na antieke filosofie sowel as die sogenaamde *musica humana* van die Middeleeue (sien Hoofstuk 4) waar liggaam en siel deur middel van introspeksie in harmonie met mekaar gebring word.
- 'n *Interpretatiewe* element: die mens se vermoë om oor dié observasies te beoordeel.
- 'n *Etiese* element: die interpretasie van skoonheid lei tot die mens se self-transformasie.

- 'n *Antisiperende* element: hierdie etiese uitreik na “ander” is gegrond op 'n verwagting dat hierdie “ander” kan baat vind by so 'n sorgsaamheid.

## 2. Historiese oorsig

Godsdiens en estetika is twee diepsinnige konsepte wat betekenis aan die menslike bestaan (behoort te) verleen. Filosofe van Plato se tyd af het die krag van skoonheid besef. Christene het dikwels die wonder van die natuur se skoonheid bedink en besef dat kuns ook oor 'n godsdienstige dimensie kan beskik (Sherry 1992:40).

Tog wou die verhouding tussen kerk en kuns nie altyd vlot nie. Inteendeel, daar was tye in die kerkgeskiedenis waar skoonheid en kuns as 't ware verban was - dikwels die resultaat van die kerk se opvattinge oor die suiwerheid en sentraliteit van die Woord (Van Erp 2004:45).

Nuutste neigings is om die verband tussen skoonheid en teologie te ondersoek sodat die een die ander kan ondersteun en aanvul. Dit is slegs moontlik indien 'n kort historiese ondersoek oor die onderwerp onderneem word (Sherry 1992:4).

Strydom (1994:232-233) sluit hierby aan en is van mening dat 'n verdere stap geneem moet word. Die uitgangspunte uit die verlede sal “ewe objektief en onderskeidend verreken moet word” met die behoeftes van die hede.

Die ontwikkeling van die verhouding tussen kuns, estetiese denke en die Christelike kerk kan na gelang van die volgende basiese periodes bespreek word:

- Die voor-Konstantynse periode (van nagenoeg 60 – 299 nC).
- Die Konstantynse periode (van nagenoeg 313 nC tot en met die val van die Wes-Romeinse ryk).
- Die Bisantynse periode (tot in die helfte van die vyftiende eeu) (Cilliers 2007:2).

Ter wille van volledigheid word in die bespreking wat volg ook kortliks verwys na die tydperk vanaf die sestiende tot twintigste eeu.

## 2.1 Die voor-Konstantynse periode

Hier is nie regtig sprake van Christelike kuns in die gewone sin van die woord nie. Christene druk wel hulle geloofsoortuiginge esteties uit, al word dit as primitief bestempel: meeste kunswerke wat uit hierdie tydperk oorleef het, is tekeninge wat die vervolgingstydperk oorleef het en kom hoofsaaklik in katakombes voor. In hierdie tydperk blyk dit dat die verhouding tussen liturgie en estetika baie belangrik is (Cilliers 2007:5-6).

Irenaeus en Clementus van Alexandrië word as belangrike filosowe in hierdie tydperk geag. Irenaeus (sterf 202 nC) skryf oor die skeppingswerk van God (deur die Seun en Heilige Gees) en oor die skoonheid van die natuur terwyl Clementus van Alexandrië (150-215 nC) die verwantskap tussen die Heilige Gees en artistieke skoonheid beskryf. Laasgenoemde verwys na Eksodus 31:2-5 waar Besaleël deur die Heilige Gees aangeraak word sodat hy vaardig raak in die maak van kunswerke. St Clementus stel dus dat artistieke en vaardige eienskappe van God af kom. Hy voeg by dat God die ware Skoonheid is en dat die volmaakste skoonheid op aarde geestelike skoonheid is waarin die mens al nader na die grootse Kunstenaar beweeg (Sherry 1992:6-7).

## 2.2 Die Konstantynse periode

In hierdie tyd word kuns ervaar as 'n onderwyser, oftewel, die allemans-Bybel in beeld: talle uitbeeldinge van Bybelverhale word in kerke aangetref. In hierdie tydperk verander die liturgie ook saam met die kunsbeelde: die erediens raak al verder van die mense af. “Die estetiese vrede van die eerste eeue word die wroeging, die afstandelikheid, van die Middeleeue – soos ook uitgedruk in die liturgie” (Cilliers 2007:6).

Augustinus (354-430 nC) was baie geïnteresseerd in estetika. Hy verwys gereeld na die skoonheid van God en besing die skoonheid van die natuur wat deur God geskape is. Hy waarsku egter teen aardse skoonheid: dit kan 'n wig tussen God en mens indryf indien die mens dit misbruik vir tydelike genot. Fisiese skoonheid is volgens hom die laagste skaal van skoonheid en die mens moet eerder soek na innerlike skoonheid. Die grootste skoonheid is egter God waarteen niks of niemand vergelyk kan word nie (Sherry 1992: 8-9).

Tydens die Middeleeue word skoonheid beskryf in terme van vorm, simmetrie en orde. Skoonheid is dus 'n ewigdurende oorwinning van God oor die aanslae van chaos en wanorde. Teoloë beskryf skoonheid soos hulle God se skepping van orde uit chaos ondersoek. Die kompleksiteit van die heelal en die skeppingskragte daaragter is die teoloë se weg na God (Farley 2001:20-21).

### 2.3 Die Bisantynse periode

Die Kerk begin teologies oor die betekenis van kuns besin en dit word versinnebeeld in die stryd rondom ikonografie. Talle kerkvaders was ten gunste van hierdie sogenaamde uitbeelding van God – dit is nie 'n afbeelding van God nie, maar beeld Hom eerder uit. Die kerk was egter lank verdeel oor die gebruik van ikone al dan nie:

Die stryd rondom die ikonografie verteenwoordig ongetwyfeld 'n interessante periode in die verhouding tussen kuns en religie, en was die impetus tot vele ontwikkelinge wat daarop sou volg (Cilliers 2007:8).

Die beeldestorming in Nicea in 787 nC asook die Hervorming, is voorbeelde van hoe die verhouding tussen kuns en kerk feitlik vernietig is. Die debat het gehandel oor die voorstelling van God in kunswerke - daar is geredeneer dat dit 'n oortreding van die tweede gebod is. Dit het veroorsaak dat alle kuns met agterdog bejeën is – 'n standpunt wat deurgesypel het na die Hervorming (Van Erp 2004:45).

Thomas Aquinas (1225-1274) stel drie voorwaardes wat bevredig moet word voordat skoonheid aan enige entiteit toegeskryf kan word:

- Volledigheid of volmaaktheid.
- In die regte verhouding tot/in harmonie met.
- Glans of skittering.

Hierdie drie voorwaardes is volmaak van toepassing op God die Seun: Hy is ware God en dus volmaaktheid op sigself; in harmonie met die Vader, want Hy is 'n persoon in die Drie-eenheid en Hy skitter, want Hy is die Woord wat glinster en deur Wie alles geskape is (Sherry 1992:10-11).

Eeue later, in sy definisie van skoonheid, sluit Taylor (2008:40) hierby aan en identifiseer drie karaktereenskappe van skoonheid: eenheid, kompleksiteit en rykheid. As voorbeeld gebruik hy die enjin van 'n Mercedes Benz-motor, iets wat hy beskryf as 'n “meganiese kunswerk”. Al die onderdele van hierdie enjin is volkome

geïntegreer en werk saam as 'n *eenheid*. Tweedens is die werking van so 'n enjin tog 'n *komplekse* saak: verskeie aksies (elektries, chemies, meganies) gebeur gelyktydig om 'n suksesvolle uitkoms te lewer. Laastens sal die skoonheid van so 'n enjin 'n sekere reaksie by Mercedes Benz-aanhangers aanwakker. 'n Reaksie van *bewondering* en dikwels ekstase.

Enige bron van skoonheid vertoon 'n objektiewe en unieke patroon van hierdie drie karaktereenskappe. Hierdie bronne veroorsaak (in mindere of meerdere mate) 'n reaksie by die een wat dit ervaar. Hierdie reaksie is hoofsaaklik 'n versmagting na geluk, orde en meer skoonheid.

#### 2.4 Belangrike denke na die Bisantynse periode

Calvyn was nie ten gunste van kunswerke in die kerk nie. Hy verklaar egter dat alle kunste 'n gawe van God is (soos die verhaal van Besaleël in Genesis) en dat musiek 'n uitnemende gawe van die Gees is (Sherry 1992:13). Daar is egter ook 'n vrees by Calvyn vir die negatiewe uitwerking van musiek, in so 'n mate dat dit sy positiewe beoordeling daarvan oorskadu. Hy maan die kerk om te waak teen 'n melodie wat die geestelike betekenis van die teks oorskadu. Liedere wat gekomponeer is vir die blote streling van die oor, pas nie by die majesteit van die kerk nie en kan nie anders as om God te mishag nie (Strydom 1994:78).

Jonathan Edwards (1703-1758) is van mening dat God skoonheid verpersoonlik. Hy is die bron en oorsprong van alle skoonheid in die wêreld. Hy beskryf die verwantskap in die Drie-eenheid: Die Vader en Seun skep behae in mekaar en bring uit liefde die Heilige Gees voort. Die Heilige Gees, wat die liefde en vreugde van God is, is ook sy skoonheid en geluk. In ons gemeenskap met die Gees het ons deel aan God (Sherry 1992:14). Die skoonheid van die Seun is 'n refleksie van die Vader (wat die oorsprong van skoonheid is) en dit word deur die Gees geopenbaar. (Sherry 1992:16-17).

Alexander Baumgarten (1714-1762), soos reeds vermeld, is die eerste filosoof wat die term "estetika" gebruik en verklaar. Hy noem estetika die sensoriese ervaring van wat mooi is. Hy beskryf dit ook as die kuns om "mooi" te dink en die kuns om smaak te vorm (Van Erp 2004: 46-47).

Teen die einde van die agtiende eeu beskou romantiese filosowe estetika as die filosofie van kuns. Gedurende hierdie tyd ontwikkel Immanuel Kant (1724-1804) sy skoonheidsleer en definieer skoonheid as subjektiewe evaluasie. Skoonheid, volgens hom, het geen ander doel as om bloot “skoon” of mooi te wees nie. Kreatiewe verbeelding is ook uitsluitlik bedoel om menslike vreugde en plesier te genereer (Van Erp 2004:47). Kant redeneer dat skoonheid die fondament is vir menslike self-opheffing. Die estetiese reguleer en motiveer beide teoretiese kennis en praktiese wysheid en etiek (Farley 2001:59).

Negentiende-eeuse filosowe soos Matthias Scheeben (1835-1888) lewer kommentaar op vroeëre filosowe soos Kant, Hegel en Nietzsche se werk. Jacques Maritain (1882-1973) ignoreer Kant se siening dat kuns slegs bestaan om mooi te wees. Hy interpreteer kunswerk in ’n teologiese sin. Volgens hom is die werk van ’n kunstenaar ’n goeie daad, want dit streef na volmaaktheid (Van Erp 2004:49-50).

In die twintigste eeu was daar nog steeds geen gedefinieerde teologiese estetiese studieveld nie. Dit het egter verander met die werk van drie vername teoloë. Gerhardus van der Leeuw (1890-1950) het veral aandag geskenk aan die verwantskap tussen die goddelike en menslike verbeelding en tot in watter mate die kreatiewe kunstenaar kan reageer op God se skepping en kreatiwiteit. Paul Tillich (1886-1965) was egter nie daarin geïnteresseerd nie en het meer belanggestel om te bepaal hoe geloof in ’n kunswerk gereflekteer kan word. Hans Urs von Balthasar (1905-1988) lewer ’n groot bydrae in teologiese estetika alhoewel hy nie aandag skenk aan spesifieke kunste nie. Volgens hom is skoonheid die eerste en laaste woord van teologie. Geloof is die persepsie van God se grootheid in wêreldse skoonheid (Van Erp 2004:50).

Die klassieke en Middeleeuse interpretasie van skoonheid het te make met proporsie en harmonie tussen elemente. Die agtiende-eeuse filosowe was behep met die sensoriese ervaring van skoonheid, met ander woorde die mense se vermoë om die harmonie rondom hom raak te sien en te waardeer. Die negentiende en twintigste eeu besin oor die opheffing van die mens – sommige filosowe redeneer dat dit kan geskied met of sonder persepsie van skoonheid. Tog is skoonheid essensieel tot bestaan, lewe en die menslike ervaring (Farley 2001:64).

### 3. Skoonheid in die Ou Testament

Nadat aandag geskenk is aan filosowe se verstaan en soeke na skoonheid, is dit belangrik dat 'n studie na die Bybelse konsep van skoonheid ondersoek word. Die Bybel dien as enigste bron van waarheid vir die gereformeerde tradisie.

Die Ou-Testamentiese mens het skoonheid op 'n ander manier as die postmoderne mens beleef (Dyrness 1985:422). Die estetiese waarde van enige objek het vir hulle gelê in die feit dat dit voldoen het aan die doel waarvoor dit geskep is. Polk (1986:35) stem hiermee saam:

[Beauty] is the Creation running on all cylinders, in proper working order, with the right lighting, the seas rolling, with everything doing according to its kind.

Dyrness (1985:423-426) identifiseer verder sewe Hebreeuse kernwoorde wat skoonheid of die genot van skoonheid in die Ou Testament beskryf en hy ondersoek die gebruik en frekwensie daarvan:

#### 3.1 Sēbî (skoonheid of eer)

Hierdie kwaliteit van skoonheid inspireer bewondering van mense en nasies en kom agtien keer in die Ou Testament voor. Dit word onder meer gebruik om die beloofde land asook Jerusalem te beskryf in tekste soos dié van Jeremia 3:19: "Hoe graag wil ek jou ... 'n lieflike land gee, 'n besitting liefliker as enigiets wat enige nasie het." Hierdie tipe skoonheid lei soms tot ongeregverdigde selftrots wat oordeel van God tot gevolg het. Met die wederkoms sal God self hierdie skoonheid vervul in die hiernamaalse ekwivalent van Jerusalem.

#### 3.2 Pā'ar (om te verheerlik, om te bekroon, om mooi te maak)

As 'n werkwoord kom hierdie begrip dertien keer voor. Dit word gebruik om 'n objek 'n eerwaardige status toe te eien. Psalm 149:4 lui: "... Hy kroon die hulpeloses met oorwinning." As 'n selfstandige naamwoord word hierdie begrip nege en veertig keer gebruik en beteken dikwels "versiering", "weelde" of "glorie". Die woord word gebruik om die mooiheid van die tempel te beskryf in 1 Kronieke 22:5: "... die huis wat vir die Here gebou gaan word, moet indrukwekkend groots wees, 'n roem en 'n sieraad vir alle lande." Belangrik is dat dit weer gebruik word as 'n eienskap van God en sy volk in die laaste dae: "Ek bring redding vir Sion, my heerlikheid na Israel." (Jes 46:13).



### 3.3 Hāmad (om te begeer, om vreugde te vind in)

Hierdie begrip veronderstel 'n begeerte met die doel om dit jou eie te maak. Dit kan in 'n positiewe strekking gebruik word soos om die aanlokkende bome in die Tuin van Eden in Genesis 2:9 te beskryf. Dit kan ook gebruik word om die mense se begeerte na verbode aantreklikhede te beskryf, soos die waarskuwing teen die onsedelike, mooi vrou in Spreuke 6:25. Die betekenis kom ook duidelik na vore in Eksodus 20:17: "Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie." Die selfstandige naamwoord van die woordstam kom twee en twintig keer voor.

### 3.4 Yāpā (om mooi/aantreklik te wees)

Hierdie begrip word agt keer as 'n werkwoord, negentien keer as 'n selfstandige naamwoord en ses en dertig keer as 'n byvoeglike naamwoord gebruik. Dit het hoofsaaklik te make met die uiterlike van 'n persoon. Dit word gebruik om onder andere Sarai (Gen 12:11), Ragel (Gen 29:17), Josef (Gen 39:6) en Ester (Est 2:7) se uiterlike voorkoms te beskryf. Hierdie begrip sinspeel op die hoogste natuurlike perfeksie wat God se geordende skepping kan bereik. Dit word gebruik om God se teenwoordigheid in Sion te beskryf asook sy volk in die eindtyd: "Hoe wonderlik en mooi sal hulle nie wees nie!" (Sag 9:17).

### 3.5 Nā'ā (om gepas te wees)

Oor die algemeen verwys hierdie begrip na die skoonheid van iets wat perfek gepas is vir 'n spesifieke geleentheid en kom twaalf keer voor. Lofprysing is "gepas" by die regverdiges in Psalm 33:1. Die teenpool is ook waar: "Welsprekendheid pas nie by 'n dwaas nie" (Spr 17:7).

### 3.6 Nā'ēm (om aangenaam te wees)

Hierdie begrip verwys gewoonlik na 'n aangename voorwerp of gunstige toestand en kom sewe en twintig keer voor. Indien dit 'n mens beskryf, verwys dit eerder na sy karakter as na sy fisiese voorkoms. Dit word ook gebruik om God te beskryf: "En mag die Here ons God sy goedheid aan ons bewys." (Ps 90:17). So kan die gelowige volheid en vreugde ervaar in God se teenwoordigheid (Ps 16:11).

### 3.7 Hādar (om te vereer/verheerlik)

Hierdie begrip kom sewe en dertig keer voor en verwys na die mense se eerbetoning aan God of die koning. Dit word dikwels ook met “majesteit” vertaal en verkry ’n koninklike dimensie. Van al die begrippe vir skoonheid blyk dit asof hierdie een die geskikste is om God te beskryf. Indien dit mense beskryf, is dit omdat hulle iets van God se karakter weerspieël.

Loader (2004:260) beskryf Ou-Testamentiese estetika as onder andere dít wat die mense se verbeelding aangryp en hom verwonderd laat. In Spreuke 30:18-19 staan:

Daar is drie dinge, nee, vier wat bo my begrip is, wat ek nie verstaan nie:  
 hoe ’n aasvoël in die lug bly, hoe ’n slang teen ’n rots opseil, hoe ’n skip  
 op die diepsee vaar en hoe die liefde tussen ’n man en ’n meisie werk.

Hierdie is fenomene wat deur ’n mens waargeneem word en hy kan dit nie verklaar nie. Dit vul hom met ontsag en wonder. Wanneer mense sulke waarnemings maak, ervaar hulle iets bo-mensliks.

God word beskou as die outeur van alle skoonheid. Hy skenk dit, maar kan dit ook wegneem. Hy het alles goed en mooi geskape, maar ’n mens kan dit nie ten volle begryp of verklaar nie (Loader 2004:260; Dyrness 1985:426):

Hy het alles mooi gemaak, Hy het aan die mens ’n visie gegee van ewigheid. Tog kan mense nie die volle omvang van God se werk, van begin tot end, verstaan nie (Pred 3:11).

Prediker het waargeneem dat daar ’n tyd en plek vir alles op aarde is. Sommige gebeurtenisse is aangenaam, ander is weer aaklig en sleg. As ’n geheel is hierdie Goddelike struktuur van gebeurtenisse mooi en simmetries. Positief word deur negatief gebalanseer en andersom. Prediker word aangegryp deur hierdie onvernietigbare gang van gebeure en dit is vir hom ’n estetiese ervaring (Loader 2004:261).

Die vroeë kerk van die Ou Testament word gereeld met skoonheid beskryf. Die mens smag na ’n ontmoeting met God:

Hoe lief het ek u woning, Here, Almagtige! Ek versmag van verlange na die tempel van die Here; met alles wat ek is, wil ek jubel oor die lewende God (Ps 84:2-3).

God se Gees rus Besaleël toe om kunstige voorwerpe te maak en hy word aangesê om te help met die konstruksie van die tabernakel en verbondsark (Eks 31:3-4). Dit is insiggewend hoe 'n belangrike bydrae die visuele (as opdrag van God) lewer tot 'n vreugdevolle aanbidding (Dyrness 1985:427).

Die gedetailleerde opdragte vir die bou van die tempel met al sy prag en glorie in 1 Konings 6 skets 'n duidelike prentjie van die estetiese vereistes vir die plek van aanbidding. Die werk van Hiram, 'n vakman in bronswerk wie die Here geseën het met die gawe, word ook 'n detail opgeteken in 1 Konings 7. Dit is opmerklik dat God mense met talente toerus om skoonheid te skep.

Ook die rituele van die vroeë kerk word in estetiese terme beskryf. Dit is duidelik sigbaar in die aantal wette oor offerandes asook beskrywings oor die “aangename geur” wat vir God aanneemlik is (Loader 2004:263):

Dan sal die priesters die hele offer op die altaar verbrand. Dit is die brandoffer, met vuur gemaak en aangenaam vir die Here (Lev 1:9, 13 en 17).

Die musiek in die vroeë kerk word ook herhaaldelik in die Psalms met estetiese terme beskryf, soos byvoorbeeld in Psalm 147:1:

Dit is goed om tot lof van ons God te sing, dit is 'n genot om die loflied te sing wat Hom toekom.

Die gebruik van musiekinstrumente is 'n verdere estetiese vreugde tydens die kerk se lofprysing en samekomste. Hiervan is Psalms 149 en 150 getuie met verwysings na onder andere die gebruik van die harp, lier, snaarinstrumente, fluite, ramshoring en simbale tydens lofprysing.

